# Die mus-nes

Illustrasies: Helga Hoveka en Adam Carnegie
Outeur: Sue Setton

**Kwartaal 2** – Groot Boek 3



Afrikaans

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER



Wilma wil buite gaan speel. “Die wind waai en dit is koud,” sê Mamma. “Jy moet warm aantrek.”



Wilma trek haar warm pers baadjie aan. “Hier is jou mus om jou kop warm te hou,” sê haar mamma.



T2_3 The Beanie Nest_big book_A.indd 2 2021/11/04 16:21



Wilma hardloop buitentoe. 'n Sterk wind waai Wilma se mus van haar kop af. Sy probeer dit vang, maar dit vlieg weg.



T2_3 The Beanie Nest_big book_A.indd 3 2021/11/04 16:21



Sy hardloop huis toe en vertel vir Mamma dat haar mus weg is. “Toemaar, Wilma. Miskien vind iemand dit wat ’n mus baie nodig het.”



T2_3 The Beanie Nest_big book_A.indd 4 2021/11/04 16:21



'n Paar maande later is daar nuwe blare aan die bome en die weer voel warmer. "Dit is lente!" sê Wilma.



T2_3 The Beanie Nest_big book_A.indd 5 2021/11/04 16:21



Wilma en Mamma is baie bly om te sien dat 'n voël 'n warm nes vir haar kuikens van Wilma se mus gemaak het!



T2_3 The Beanie Nest_big book_A.indd 6 2021/11/04 16:21

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Hierdie Groot Boek is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).